# TERUGHOUBELASTING OP TANTIÈME (WTR)

## Wat is dit?

Die WTR is verskuldig op enige bedrag van tantième betaal aan of ter voordeel van 'n buitelandse persoon vanuit 'n bron binne Suid-Afrika.

Die buitelandse persoon is aanspreeklik vir die belasting, maar die belasting moet van die tantième-betaling teruggehou word deur die persoon wat dit aan die buitelandse persoon oorbetaal (d.i. die terughou-agent).

'n Tantième is enige bedrag wat ontvang of toegeval word ten opsigte van:

- Die gebruik, gebruiksreg of toestemming om enige intellektuele eiendom te gebruik,
- Die oordrag van, of onderneming om, enige wetenskaplike, tegniese, industriële of kommersiële kennis of inligting oor te dra, of
- Die lewering van of die onderneming om enige hulp of diens in verband met die toepassing of verbruik van sodanige kennis of kennis te lewer.
  Uitbetaalde tantième word belas teen 'n finale terughoubelastingkoers van 15%.

**Top wenk:** Vanaf 1 Januarie 2015, het die belastingkoers verander van 12% na 15%.

## Watter stappe moet ek volg?

Waar terughoubelasting op tantième teruggehou is deur 'n terughou-agent, moet 'n *Return for Withholding Tax on Royalties* (WTR01)-vorm, tesame met bewys van betaling, per e-pos ingedien word by lbqueries@sars.gov.za, deur belastingpligtiges wat in grootsake handeldryf.

Belastingpligtiges wat nie met grootsake handeldryf nie, moet opgawes by die naaste SARS-tak indien, tesame met bewys van betaling.

Onthou, met voltooiïng van die WTR01-vorm, kan 'n vrystelling of verminderde koers van toepssing wees.

## Watter vrystellings of verminderde koerse is van toepassing op WTR?

'n *Withholding Tax on Royalties Declaration* (WTRD) moet deur die buitelandse persoon voltooi word en by die terughou-agent ingedien word voordat 'n vrystelling of 'n verminderde koers toegepas kan word in die berekening van die terughoubelasting op betaalbare tantième-bedrag.

**Top wenk:** Die WTRD moet vir vyf jaar deur die terughou-agent bewaar word, omdat SARS jou daarvoor mag vra. Dit is die verantwoordelikheid van die betaler om seker te maak dat die verklaring wat deur die buitelandse persoon gemaak is, in die voorgeskrewe vorm is.

### Vrystellings

**Top wenk:** Dele A, B en C van die WTRD moet voltooi word.
Die volgende vrystellings kan van toepassing wees op die buitelandse persoon, voordat die tantième aan die buitelander uitbetaal word:

- Sodanige buitelander is 'n natuurlike persoon wat fisies teenwoordig was in die Republiek vir 'n tydperk van meer as 183 dae in totaal gedurende die twaalf-maandetydperk voor die datum waarop die tantième betaal is.
- Die eiendom ten opsigte waarvan die tantième uitbetaal is, is prakties verbonde aan 'n permanente instelling van daardie buitelander in die Republiek, en daardie buitelander is geregistreer as 'n belastingpligtige ingevolge die wet.

**Belangrik:** Die vrystellings sal nie van toepassing wees tensy die WTRD by die uitbetaler van die tantième ingedien is, voordat betaling van die tantième geskied nie.
Let asseblief dat 'n WTRD nie voltooi hoef te word om te kan kwalifiseer vir die vrystelling in die geval waar die tantième betaal is deur 'n hoofkantoor maatskappy ten opsigte van die toestaan van gebruik, die gebruiksreg of toestemming vir die gebruik van intellektuele eiendom onder bepaalde omstandighede nie.

### Verminderde koers

**Top wenk:** Dele A, B en D van die WTRD moet voltooi word.

- Die buitelander kan vir 'n verminderde belastingkoers kwalifiseer ingevolge 'n Ooreenkoms vir die Vermyding van Dubbele Belasting en Voorkoming van Fiskale Ontduiking (DTA) tussen Suid-Afrika en die land van inwoning van die buitelander.
- Dit is ook moontlik vir die buitelander om vrygestel te wees ingevolge die DTA, byvoorbeeld, waar Suid-Afrika nie die reg het om tantième te belas nie.

**Opsomming van die DTA-koerse:**

Terughoubelasting op tantième - Opsomming van DTA-koerse - Afrika
Terughoubelasting op tantième - Opsomming van DTA-koerse - Res van die wêreld

## Wanneer en hoe moet dit betaal word?

Die terughoubelasting moet voor die einde van die maand wat volg op die maand waarin die tantième uitbetaal is, betaal wees. Die uitbetaler moet (tesame met die betaling) 'n *Return for Withholding Tax on Royalties* (WTR01) indien, wat 'n opsomming is van die totaal van alle tantième uitbetaal en belasting teruggehou gedurende 'n maand, aan SARS.

**Top wenk: Indien die laaste dag van die maand 'n publieke vakansiedag of naweek is, moet die betaling op die laaste werksdag voor die publieke vakansiedag of naweek gemaak word.**

WTR kan slegs deur die volgende kanale aan SARS oorbetaal word:

- SARS eFiling;
- EFO by 'n bank
- Oor die toonbank by 'n bank

## Benodig jy hulp?

- Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 SARS (7277)
- Besoek jou naaste SARS-tak.